Familie Tuisblad

7 Julie 2024

1 Begin hier

Om ‘n nuwe koning te kry, kan nogals opwindend wees vir ‘n land.

Oorsee word daar baie lank voorbereidings gedoen: Soldate oefen om in hul netjiesste uniforms te marsjeer, perde en koetse word netjies gemaak, spesiale vlae word aan pale langs die pad vasgemaak en daar word selfs spesiale muntstukke gedruk met die nuwe koning/koningin se gesig op. Baie mense skuif reg voor die TV om die hele gedoente van begin tot einde te kyk.

Daar was nie TV’s toe Dawid as koning gekies is nie, maar ons lees in die Bybel dat al die mense in Israel saam na Dawid toe gegaan het om hom te gaan kies as Israel se koning.

2 Lees

2 Sam 5:1-5 en 9-10

3 Gesels

- Die meeste konings waarvan ek weet, is baie oud. Ek wonder of mense nie gedink het dat Dawid te jonk was om al ‘n koning te wees nie. Wat dink julle?
- Ons lees dat die mense in Israel raakgesien het dat Dawid eintlik al langer ‘n goeie leier was. Wat dink julle maak iemand ‘n goeie leier?
- Dawid het belangrik geword omdat die Here altyd by hom was. Wat leer ons hieruit?

4 Bid

Dankie Here, dat ons groot dinge kan doen wanneer U by ons is. Amen

5 Doen

Die volk Israel het na Dawid gegaan en vir hom vertel dat hulle goeie goed raakgesien het in sy lewe. Neem vandag tyd om vir elkeen in jou gesin iets goeds te vertel wat jy raaksien wat hulle doen.

Kinders: aktiwiteitsblad oor Dawid

of KIX ontmoeting oor Dawid